

KOERSVAS


Jaargang 3 Uitgawe 58 13 Maart 2015

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte

Kennisgewing



REDAKSIONEEL

Blankewrok, Blanjefobie?

Dit is moeilik om onaangeraak by Auschwitz , Bergen-Belsen of enige van die Nazi konsentrasiekampe te staan. Die vergrype wat daar plaasgevind het, gaan lank in menseheugenis bly vassteek. Tog het dit so klein begin. Die klein begin het 'n momentum gekry wat die Duitse nasie vier geslagte later steeds laat skaam kry.

Die anti-Semitisme wat deur Hitler en sy handlangers aangeblaas is deur wye propaganda, het sterk gefokus op die Jode as klein groepie mense met 'n groot deel van die rykdom. Die eerste diskriminasie het amper regverdigbaar gelyk. Toe die Jode eers ontmenslik en gedemoniseer is, het die volksmoord momentum gekry.

Die enigste les wat die geskiedenis ons leer, is dat mense nie leer uit die geskiedenis nie. Ons moet daarteen waak dat ons nie in dieselfde smartlike spiraal vernietig word nie.

Die verlede van die RSA is kompleks. Daar was foute gemaak en 'n beleid wat aanvanklik ten doel gehad het om afsonderlike en onafhanklike volke te skep, was nie geslaagd nie. Verder kan geen mens emosieloos verwys na apartheid nie.

Die vyande van volkseie denke was ook vinnig om die blankes uit te sonder as 'n klein groepie wat skynbaar 'n groot deel van die rykdom besit. In 'n land waarin die tirannie van die massa 'demokraties' is, kan dit baie gevaarlik wees. Die ekonomiese wanbalans wat maak dat gereeders ingestem word deur mense met geen ekonomiese invloed nie (90% van die belastingbetalers het teen die regering van die dag gestem), word saam met die verlede voorgehou as rede vir onbedekte diskriminasie.

Die besluitnemers is die maghebbers en hulle wekroep is duidelik: Die ongelykhede van die verlede moet reggestel word. Om dit te doen, moet daar 'n Marxistiese herskikking van die samelewing plaasvind. Die '*social engineering*' wat so eie is aan sosialistiese ideologieë word sonder stamp of stoot as kosmiese waarheid voorgehou, aanvaar en desnoods afgedwing.

Daar is soveel mooi woorde wat gebruik word om hierdie velletellery te verdoesel. Regstellende aksie, sosiale geregtigheid, demografies verteenwoordigend, ras-kwotas, gelyke indiensneming, transformasie en menige ander terme word gebruik om 'n **wetgedrewe rassistiese** program af te dwing. Die ironie daarvan dat

90% van die land se bevolking skynbaar deur wetgewing teen minder as 10% 'beskerm' moet word, gaan ongesiens verby. Die feit dat daar openlik teen hierdie minderheid diskrimineer word, durf nie in 'goeie geselskap' genoem word nie.

Polarisasie tussen die groepe in die bevolking word op die spits gedryf deur te praat van agtergeblewenes, opheffing, voorheen benadeeldes. bemagtiging en in besonder swart ekonomiese bemagtiging. Al hierdie aksies en retoriek het ten doel om gemeenskappe te manipuleer. Die resultaat is dan dat daar onbeskaamd teen blankes gediskrimineer word. Beurse word ruimskoots aan swart mense uitgedeel terwyl blankes per geleentheid iets ontvang. Mediese studente word nie dieselfde gekeur nie. Blankes moet tot 40% beter presteer om selfs net in aanmerking te kom vir toelating tot mediese fakulteite.

Die slegste aspek van hierdie onverkwiklike situasie is dat daar soveel blankes is wat dit ondersteun en regverdig. Daar het 'n siek skuldgevoel-kultuur ontstaan wat enige poging tot selfhandhawing of selfs oorlewing teiken. Kritiek teen die sisteem, teen die denke en diskriminasie maak dat jy gou as rassis geëtiketteer en uitgekryt word, daar word woedend gestel dat jy teen versoening is, nie die reënboognasie ondersteun nie, 'n ondersteuner van apartheid is!

Die gevaartekens dat hier 'n volksmoord aan die gang is, blyk duidelik. Enige marteling van blankes word deur die staatsmedia stil gehou, enige konfrontasie tussen blank en swart word onmiddellik 'n geval van apartheid viktimisasie. Die plaasmoorde het al skandalige proporsies aangeneem. Dit wil tog lyk asof daar 'n wrok teen blankes is, 'n skynbare

blanjefobie wat kan uitloop op vervolging, ekonomiese ontmagtiging en selfs vernietiging.

Ons wil nie die verlede terug kry nie. Ons wil vreedsame, regverdige, gelyke naasbestaan belewe.

Naskrif

Die internasionale organisasie "Genocide Watch" (<http://www.genocidewatch.net>) stel dat volksmoord 'n sekere patroon volg en dat daar 'n stygende lyn van vergrype aangedui kan word. Opeenvolgend die volgende vlakke;

- (1) Klassifikasie (ons en hulle/ blankes)
- (2) Simbolisering ("boere", "settlers", blankes, rassiste)
- (3) Ontmensliking
- (4) Organisering (militia word gebruik om staat ontkenning moontlik te maak)
- (5) Polarisasie (Retoriek van die president, liedjies wat gesing word)
- (6) Voorbereiding (Slagoffers word geïdentifiseer en geviktimizeer op grond van hulle etniese identiteit. Daar word beslag gelê op hulle eiendom)
- (7) Uitwissing (Plaasmoorde; vanaf 1994 meer as 4 000 kommersiële boere alleen)
- (8) Ontkenning.

Suid Afrika is volgens Genocide Watch tans op vlak 6 van volksmoord. Hoe lank voor ons oë oopgaan?

BERIGTE

- **Hofsake**

Die regspanne was Woensdag by regter Fourie. Verskeie sake is bespreek en dit is

duidelik dat konsensus nie maklik bereik gaan word nie. Op hierdie stadium is die enigste terugvoer wat ons kan gee dat die sake terug is waar hulle aan die begin van 2014 gestaan het. Sodra ons met die advokaat kan vergader, sal ons u op hoogte bring. In die tussentyd versoek ons u vriendelik om geduldig te wees. Hierdie saak gaan nog lank neem om af te handel.

- **Mosselbaai bediening**

Hiermee word u hartlik uitgenooi na die volgende eredienste gelei deur emeritus-ds Piet van der Merwe van die Hervormde Kerk Zoutpansberg:

Sondag 15 Maart 2015

Nagmaalsdiens en piekniek-ete. Diens is om 12:00 in die kerkgebou van die NG Kerk Brandwacht. Bring gerus u eie kosmandjie saam vir 'n piekniek-ete in die kerksaal ná Nagmaal.

Sondag 22 Maart 2015

Dankseggingdiens gevolg deur 'n **inligtingsessie** Om 10:00 in die sitkamer van ouderling Joy Frankenberg te **Emirastraat 46, Danabaai**. (Die straatnaam word soms gegee as Mirastraat). Roete vanaf Hartenbos na Brandwacht en Rondeheuvel: Brandwacht is geleë ongeveer 11,2 km vanaf Hartenbos op die Oudtshoornpad (R328). Die NG Kerk op Brandwacht is duidelik sigbaar. Om by die plaas Rondeheuvel te kom, ry voor die kerk verby en draai net voor die brug links op die goeie grondpad. Eerste plaashuis op linkerkant ná die laaang opdraende (of "hoogte" in kontreitaal). 7,3 km vanaf Brandwacht NGK. Roete na (E)mirastraat: Kom in met pad na Danabaai = Floraweg. Ry aan in Florastraat tot waar Lutea na regs uitdraai. Draai in by Lutea en

met die eerste straat links. Dit is (E)Miraweg.

Vir navrae kontak: Oudl Joy Frankenberg
Selfoonnr: 0829200977

KENNISGEWINGS

- **Paasspel**

Premiermyn gemeente hou DV Vrydag 13 Maart 2015 'n Gemeenskaps-Paasspel. Almal is welkom. Skakel met Alta by 082 682 1252 vir kaartjies.

- **Koster se Eisbeinfees**

Koster gemeente hou die naweek van 27-29 Maart 'n Eisbeinfees by Koster dam. Skakel met ds Alberts vir meer inligting 082 851 06391.

- **Koersvas en Die Skietlood**

Lesers wat belangstel om Jaargang 1 asook Jaargang 2 in gedrukte formaat te besit of vir kennisse te gee, kan dit nou bestel by die drukkers. Jaargang 1 kan teen R45 (posgeld uitgesluit) bestel word Die boek bevat al die uitgawes van die eerste jaar. Jaargang 2 kan teen R 60 (posgeld uitgesluit) bestel word en dit bevat Jaargang 2 asook die eerste drie uitgawes van Jaargang 3 (tot Desember 2015). ella@teamworkprinters.com Daar word geen wins met enige van die boeke gemaak nie.

- **Bondsvergadering.**

Predikante en ampsdraers word daaraan herinner dat alle studiestukke en beskrywingspunte vir die derde Bondsvergadering te Meyerspark, nou reeds moet sirkuleer.

- **Bybelvasvra**

Hiermee 'n hartlike uitnodiging tot deelname aan die Bybelvasvra DV 2015.

BESTEK

Josua hoofstukke 1 tot 6 en 24 uit die 1983 Afrikaanse Bybelvertaling en Sondae 9 tot 22 van die Heidelbergse Kategismus (oor die 12 Artikels)

VOORGESTELDE DATUMS

Streek: Naweek van 14 - 16 Augustus in streeksverband soos self in streeksverband georganiseer

Finaal: Sondag 30ste Augustus om 16:00 per faks of E-pos. Niemand hoef eie dorp of distrik te verlaat nie.

VERDERE REËLINGS

Reël asb self plaaslik na goeddunke. Ek sal nader aan die tyd DV kommunikeer in verband met reëlins vir finale rondte en saamstel van vraestelle ens.

Mag almal in u gemeente wat deelneem se geloof deur die studie versterk word!

• Drukwerk Geloofsbond Pryse 2015

Paul en Ella help graag met:

Kalender R8-30 elk

Verlofregister R24-75 elk

Kwitansie R16-90 elk

Offergawe R6-60 elk

Dames Kwitansie R14-45 elk

Konsistorie R22-35 elk

Belydeniskrifte Boekie R31-40 elk

ella@teamworkprinters.com

BANKBESONDERHEDE:

Naam: **GHG** (Geloofsbond van Hervormde gemeentes)

ENB Eerste Nasionale Bank van Suid-Afrika

Rekeningnommer: **6243 092 3088**

Takkode: **250 655**

Vir verpakkingsmateriaal, spysenieringsbenodigdhede en skoonmaakmiddels vir funksies van kerke en skole, skakel

MW PACKAGING

by 018 381 1494.

VIA DOLOROSA

'n Paastoneel vir vandag
VRYDAG 13 MAART 2015
18:30



Hervormde kerk te Cullinan

H/v Zonderwater & R515

Bespreek by Alta 0826821252, Babie 0826083523

Volwassenes R30, Laerskoolkinders R20

Nataniël

21 Maart 2015
18:00

Hervormde Kerk te
Cullinan

H/v Zonderwater & R515
S 025° 40.672' E 028° 32.188'

R180-00 per persoon

Bespreek by
Alta 082 682 1252
Babie 082 608 3523

27-29
Maart
2015



www.kosterdam-eisbeinfees.co.za

Gratis toegang vir fietswedren
deelnemers en etekaartjie houers

PROGRAM:

Vrydag aand:

Kamp by die dam.
Braai pakkies beskikbaar
met bykosse & sneeple.

Besoek
ons
webblad
om kaartjies
te bespreek

Saterdag :

8:00 Uitdagende Bergfietswedren,
50, 25 & 10 km, (3 km Kiddies ron),
Kontant pryse vir wenners,
Medaljes vir elke deelnemer.

- Lewendige Musiek
- Watersport
- Pret aktiwiteite
- Toesig vir kinders

Besoek
ons
webblad
vir wedren
instruksies
en roete

Saterdag aand:

18:00 **Eisbeinfees**
in "October Fest" atmosfeer
Groot markies tente

- Duitse Oompa Band
- Dansbaan
- Spyskaart:
Eisbein, bees & hoender Schnitzel met bykosse.
- Kontant Kroeg

Besoek
ons
webblad
om kaartjies
te bespreek

GRATIS
Draught Bier en Beker.

NAWEEK PRET
vir die hele familie

Akkommodasie

Kamp op terrein, Gastehuse,
Logdes & Privaat wonings beskikbaar.
* Deelnemers aan wedren kamp gratis *

vir meer inligting

kontak Louis Alberts 082 851 6391
of besoek ons webblad om
etekaartjies en kampplek te bespreek
of in te skryf vir Bergfietsren

